NETWERK24
www.netwerk24.com

DIE BURGER

Dinsdag
13 Oktober 2020
R11,00 (BTW ingesluit)
●●

Toerisme tel weer kop op

Christine van Deventer van Roberston (regs) en Cindy van Schalkwyk van Somerset-Wes, twee toergidse, is verheug oor die grense wat oopgestel is en dat mense weer oor die land heen kan reis. Sy skryf: "Hier is ons by die Struisbaal-hawe. Ons het so baie verlang dat ons sommer verlede naweek Struisbaal toe is. Ons mis die gidslewe! Ons eerste toer gaan vir seker die Tuinroete wees. Ons bied vier- en sesdag- Tuinroete-toere aan. Ons sesdag-toer sluit Kaap Agulhas/Struisbaal in en dit bly een van ons gunsteling-stilhouplekke."
Lesersfoto: WESSEL VAN SCHALKWYK

Francois van Coke kry nog 'n klein Cokie bl. 3

Rafa 'gaan grootste word' bl. 15

Dawie Snyman: 'Damian steeds 'n yster' bl. 16

Ramaphosa geprys én gelooi ná brief

'Senekal wys hoe kruitvat van rassehaat kan opvlam'

Sarel van der Walt

Pres. Cyril Ramaphosa is gister geprys én gelooi oor sy aanlynnuusbrief oor die moord op die plaasvoorman Brendin Horner (22) onlangs naby Paul Roux.

Pierre Vercueil, president van Agri SA, het die brief en Ramaphosa se standpunt oor landelike misdaad verwelkom.

"Ons verwelkom die president se erkenning dat misdaad besig is om ons land uitmekaar te skeur en dat dit 'n ernstige grondwetlike bedreiging inhou.

"Die vlakke van geweld en wreedheid waarmee landelike misdaad gepaardgaan, is onaanvaarbaar en alles moet in die stryd gewerp word om misdaad te bekamp," het hy in 'n verklaring gesê.

Christo van der Rheede, uitvoerende direkteur van Agri SA, het gesê die president se brief is 'n geleentheid om 'n nuwe vennootskap te vestig om mense bymekaar te bring – die gematigde stem en die rasionele stem.

"Die werklikheid is ons kan nie sonder die samewerking van die president en die regering dinge regkry om landelike veiligheid te verbeter nie."

Dianne Kohler Barnard, DA-woordvoerder oor staatsveiligheid, sê Ramaphosa se woorde beteken nie veel nie. Wat nou nodig is, is optrede.

"Suid-Afrikaners het nie 'n lesing van die president nodig nie. Wat hulle soek, is oplossings," sê Kohler Barnard.

Ramaphosa het in die omvattende brief onder meer geskryf alle Suid-Afrikaners behoort diep geraak te wees oor wat met Horner gebeur het.

"Dit maak nie saak in watter gemeenskap ons woon, wat ons ras, geloof of taal is nie – die dood van alle Suid-Afrikaners elke jaar moet ons almal net so diep raak," skryf hy.

Tog waarsku die president dat die groep boere se gewelddadige optrede verlede Dinsdag by die landdroshof in Senekal wys dat Suid-Afrikaners nog nie aan die verdeeldheid en wantroue van die verlede ontsnap het nie.

"Wat in Senekal gebeur het, wys hoe maklik die kruitvat van rassehaat kan opvlam.

"Ons moet as 'n nasie pogings weerstaan om misdaad op plase te gebruik om gemeenskappe op grond van ras te mobiliseer," skryf Ramaphosa.

"Ons moet ook nie naïef wees om te dink dat rasseverhoudings in die landelike gebiede vreedsaam is sedert die land 'n demokrasie geword het nie."

Dr. Theo de Jager, voorsitter van die familieboer-organisasie Saai, het ook 'n brief aan Ramaphosa gestuur waarin hy die president bedank dat hy die brief geskryf het.

"Ten minste is u nou betrokke by die debat wat nou tot gevaarlike vlakke opbou."

De Jager sê daar is drie goed wat plaasmoorde anders as alle ander moorde in die land maak: Niemand vra in die openbaar dat moorde in townships en bendemoorde gepleeg word nie; die moorde op plase is baie wreder; en daar is nie onheilspellende goedkeuring van ander moorde op sosiale media soos in die geval met plaasmoorde nie.

Dries Wiese, voorsitter van die Afrikanerbond, het in sy brief aan die president geskryf hy (Ramaphosa) maak "weer die onvergeeflike fout om die Senekal-voorval opnuut tot 'n raskwessie te verhef".

Intussen sê dr. Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, hy stel nie daarin belang om met Julius Malema, die EFF-leier, te praat om die spanning te ontlont voor Vrydag se volgende verskyning van die vermeende moordenaars van Horner in die hof in Senekal nie.

"Wat moet ek vir hom (Malema) sê? Hy is nie in 'n posisie dat ek met hom moet onderhandel nie."

Met die verskyning van die twee vermeende moordenaars, Sekwetje Mahlamba (32) en Sekola Matlaletsa (44), verlede Dinsdag het 'n groep boere die hofgebou bestorm en geëis dat die beskuldigdes aan hulle oorhandig word. 'n Polisievoertuig is aan die brand gesteek.

Malema het hierna 'n oproep op EFF-lede gedoen om Vrydag op te ruk na Senekal wanneer die twee beskuldigdes weer in die hof verskyn.

■ **Cyril se volledige brief bl. 11.**

Durbanvillers braai 200 aande in 'n ry

Ané van Zyl

Die Kift-gesin om hul tafel op dag 100. Van links is Nicole (8), Grace (5), Elsimé en Martin.
Foto: VERSKAF

Suid-Afrikaners is ongetwyfeld lief vir braai, en verskeie gesinne het tydens die inperking aand na aand 'n vuur aangesteek – maar een Kaapse gesin het verder gegaan as enige ander.

Die Kift-gesin van Durbanville gooi nou al vir 200 dae elke aand iets op die vuur.

"Ek beplan elke aand die aandete rondom wat ek op die vuur gaan maak," sê Martin Kift, 'n finansiële beplanner.

"Soms is dit 'n biefstuk, soms skaapvleis, stokbrood of potjiekos. Ek besluit wat ons gaan eet, en my vrou en dogters help met die bykosse."

Kift se vrou, Elsimé en dogters Nicole (8) en Grace (5), braai al te lekker saam.

"Ons het elke dag 'n vuur aangesteek," sê Martin. "Ek hou baie van kosmaak en probeer gereeld nuwe goed."

As die gesin genooi word vir 'n kuier of 'n verjaardagpartytjie (onder vlak 1) sê Martin hy kan kom, maar hy moet braai.

"Dan vat ek my rooster en braaivleis saam en braai sommer vir al die gaste 'n vleisie." Só het hy 'n rekord van 200 aande in 'n ry opgestel.

Elke aand as die gesin aansit, neem Martin 'n foto van hulle om die tafel.

"Dit is 'n lekker herinnering en ek wil dit graag laat raam en in die huis ophang."

Sy vrou het gisteroggend gevra of hy nie dink 200 aande is genoeg nie. "Maar as ek besluit om op te hou braai, sal ons ander planne vir aandete moet begin uitdink," skerts Martin.

Om braaivuur nommer 200 gisteraand te vier het Martin 'n paar vriende en sy ma genooi om saam met hulle om die vuur te sit met 'n glasie wyn.

Hy sal nog oorweeg of hy langer gaan aangaan met die braaiery.

"Ons het nog gespot dat ons dalk moet aangaan tot Kersfees. Dan eet mens 'n lekker skaaprib in plaas van die gewone *gammon* en tong. Ons kyk maar," sê hy.

Martin koop 30 sakke kameeldoringhout op 'n slag by 'n vriend wat dit invoer uit Namibië, Bertus Smit. Hy koop sy vleis plaaslik by sy gunsteling slaghuis, The Boer & Butcher.

Adolf (51) en Elza Botes (50), 'n egpaar van Stilbaai wat dieselfde ding gedoen het sedert die begin van die inperking, sê hulle het opgehou braai toe hulle dag 110 verbygesteek het. Nou braai hulle net vyf van die sewe aande 'n week.

Vate vol whisky is nou 'n beter belegging as goud en bitcoin

'n Belegging in 'n vat whisky kan 'n goeie opbrengs lewer.
Foto: UNSPLASH

As jy gedink het whisky is meer werd as goud, dan is jy dalk reg.

Die probleem is egter dat jy nie net 'n bottel whisky moet koop nie, maar minstens 'n vat vol.

Robb Report, 'n Amerikaanse tydskrif wat op luukshede fokus, berig die BC20-whiskyvatindeks wys as jy in Julie 2018 $100 000 in whiskyvate belê het, dan was dit teen einde Junie 2020 sowat $160 000 werd.

Dié opbrengs is beter as wat 'n belegger in goud, bitcoin of selfs op die S&P 500-indeks in die VSA sou verdien het.

Samuel Gordon, besturende direkteur van Braeburn Whisky, sê in 'n verklaring 'n belegging in vol vate whisky is 'n strategie wat beleggers help om hul portefeuljes te diversifiseer. Vate vol whisky wat verouder, is veral gewild in Skotland. *Robb Report* berig dat daar in dié land sowat 22 miljoen vate whisky is wat besig is om te verouder.

Rare Whisky 101, 'n whiskymakelaar en beleggingsonderneming, het so ver gegaan om 'n makelaarsdiens te begin om dit makliker te maak vir entoesiaste om in vate te belê.

Insider.co.uk berig dat dit juis Braeburn Whisky is wat saam met Cask 88 die BC20-whiskyvatindeks geskep het wat vir beleggers sal wys hoe beleggings in whiskyvate presteer. Die indeks wys dat die gemiddelde opbrengs op whisky met sowat 13,09% per jaar groei.

Beleggings in vate van die topdrie distilleerderye lewer 'n jaarlikse groei in opbrengs van sowat 20%.

Daar is sowat 250 liter whisky in 'n vat, genoeg om 385 bottels elk van 750 ml vol te maak. Gordon sê, afhangende van in watter distilleerdery se vate daar belê word, kan 'n belegger sy belegging in sowat vyf jaar verdubbel. – **Elvira Wood**

Heerengracht 40, Kaapstad
105de jaargang

24620
9 771023 760011

SCHMIDHAUSER
ELECTRICAL & PLUMBING
021 424 4588
www.schmidhauser.co.za
• Elektrisiteit- en loodgieterwerk-voldoeningsbewys
• 24 uur-bystand, instandhouding & herstelwerk
• Industriële, kommersiële en kleinhandelsloodgieters & -elektrisiëns

FOOD LOVER'S MARKET
DIE BESTE IN VARS, GEWAARBORG!

ONS WINKELS IS OOP GEDURENDE BEURTKRAG
SLEGS GELDIG TOT SONDAG 18 OKTOBER 2020. VIR U GERIEF IS ONS TOT 6NM OOP OP SATERDAE
BESKIKBAAR BY ALLE WES-KAAPSE WINKELS. FOOD LOVER'S MARKET MOSSELBAAI & GEORGE INGESLUIT. FOOD LOVER'S MARKET KNYSNA & OUDTSOORN & FOOD LOVER'S EATERY NEWSPAPER HOUSE, TOWERS & ICON UITGESLUIT. BESOEK WWW.FOODLOVERSMARKET.CO.ZA OM AL ONS SUPER AANBIEDINGE TE BESIGTIG
PRODUKTE WAT AANGEBIED WORD MAG VERSKIL VAN VISUELE VOORSTELLINGS, AANGESIEN DIT SLEGS BEDIENINGSVOORSTELLE IS • HAMILTONS ADVERTISING 121020 • GEEN HANDELAARS OF SMOUSE • ONS BEHOU DIE REG OM VOORRAAD TE BEPERK • BF & W
DIE BESTE IN VARS GEWAARBORG!